**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**( TRANSV AALSE PROVINSIALE AFDELING )**

**Datum: 2/5/2006**
**Saaknommer: 15043/2003**

**UNREPORTABLE**

In die saak tussen:

**PETRUS ALBERTUS VAN** **Eiser**

en

**DIAN DE BRUIN** **Verweerder**

---

**UITSPRAAK**

---

**BOTHA R :**

Die eiser vra rektifikasie van 'n kontrak wat hy beweer op 3 September 2002 deur hom en die verweerder gesluit is en, uit hoofde van die kontrak, betaling van 'n bedrag van R 325 000,00.

Die eiser beweer dat hy ingevolge 'n skriftelike ooreenkoms, aanhangsel A, op 3 September 2002 sy 50% belang in PD Bande BK ( die BK ) aan die verweerder verkoop het. By beweer dat die ooreenkoms weens 'n genieenskaplike dwaling in twee opsigte nie die ware bedoeling van die part ye weergee nie. In die eerste plek word die BK verkeerdelik in die plek van die verweerder as die koper beskryf - In die tweede plek word daar verkeerdelik gese dat die eiser 50% van sy belang in die BK

verkoop, in plaas van sy hele 50% belang. Hy beweer voorts dat die verweerder versuim het om, soos ooreengekom, die koopprys binne 21 dae te betaal, en dat hy na behoorlike aanrnaning nog steeds in versuim is om dit te betaal.

Dit is nie nodig om te verwys na aspekte van die pleit wat in die verhoor nie verder gevoer is nie. Dit is van belang dat die verweerder ontken dat daar 'n genieenskaplike dwaling is ten aansien van wie die koper was en dat hy ontken dat hy, as hy die koper was, ingevolge klousule 12 van die ooreenkoms aangemaan is om sy versuim te herstel.

In die ooreenkoms word daar na die eiser verwys as die eerste party. Onder sy beskrywing word daar vernield dat hy 'n lid is van die BK en dat hy behoorlik optree internie van 'n volmag "geneem" deur die ander lede van die BK. Dan word besonderhede verskaf van die sogenaamde tweede party tot die ooreenkoms. Daar word beweer dat dit die BK is en dat hy verteenwoordig word deur die verweerder (Dian de Bruin ) " synde lid van die Beslote Korporasie wat optree in terrne van 'n volmag geneem deur die and er lede van die Beslote Korporasie”.

In die aanhef word die volgende geboekstaaf :

**"NADEl\1AAL die EERSTEPARTY begerig is om 50% (VYFTIG PERSENT) van sy belang in P D BANDE BK oor te dra aan die TWEEDE PARTY;**

**EN NADEl\1AAL die TWEEDE PARTY, van voorneniens is om steeds voort te gaan niet die besigheid onder die naam en styl van PD BANDE BK h/a NOSE BOYS"**

Klousule 1 lui as volg :

**"Die TWEEDE PARTY neem 50% van die EERSTE PARTY se ledebelange oor in die Beslote Korporasie PD BANDE BK *h/a* NOISE BOYS"**

Klousule 2 lui as volg :

**" Die TWEEDE PARTY neem alle bates en laste wat tans in die BK bestaan oor en sal voortgaan om handel te dryf onder PD BANDE BK *h/a* NOISE BOYS"**

In klousule 7 word die domicilium citandi et executandi van die tweede party aangedui as Dian de Bruin, Jan Fiskaal nr 11, Phalaborwa 1390.

Klousule 8 lui as volg :

**“Die TWEEDE PARTY neem alle ooreenkomste en verpligtinge van PD BANDE BK *h/a* NOISE BOYS oor en onderneem die TWEEDE PARTY om die EERSTE PARTY te onthef van alle verpligting en alle instansies in kennis te stel dat die EERSTE PARTY nie nieer belang in die Beslote Korporasie het nie. Skrywes van die finansiele instansies tot dien efTek sal deel vorm van hierdie ooreenkoms.”**

Klousule 10 boekstaaf dat die ooreenkoms die hele ooreenkoms tussen die partye bevat en dat dit net skriftelik gewysig kan word.

1'

Naniens die eiser het getuig die eiser self en sy prokureur, rnnr Twine. Die verweerder het sy saak gesluit sonder om getuienis aan te bied.

Die eiser het getuig dat hy die verweerder se vader geken het en dat die hom genader het om 'n belang in die BK te bekom. Die BK is in 1998 opgerig en het toe begin besigheid doen.

Die aanleiding tot die ooreenkoms, aanhangsel A, was dat die verweerder hom daagliks gebel het en gevra het om sy belang aan hom te verkoop. Gp 'n stadium het hy besluit om dit te verkoop teen die prys wat die verweerder hom aangebied het, naamlik R 325000,00.

Na hulle ooreengekom het, het hy sy prokureur, mm Twine, geskakel en gevra om 'n ooreenkoms op te stel. Die volgende dag is die ooreenkoms geteken. Hy het gedink dat hy sy 50% belang in die BK aan die verweerder verkoop het. Die verweerder het hom nooit betaal nie. Hy het sy handtekening op bewysstuk A5 bevestig. Daarvolgens het hy te kenne gegee dat hy opgehou het om lid van die BK te wees. Volgens A4, ook deel van die vorm CK2 wat op 4 Desember 2002 geregistreer is, was die verweerder nou die enigste belanghebbende in die BK niet 'n 100% belang.

In kruisverhoor het hy verduidelik dat sy bydrae tot die BK bestaan het in die verskaffing van 'n kompressor en 'n hyser en die teken van borg. Hy het ook die perseel van die BK uitgeverf en advertensie borde aangebring. Die verWeerder se vader het 'n kapitale bydrae van R 175 000, 00 gemaak. Hy was nie seker oor of hy die kompressor en die hyser aan die BK geleen of gegee het nie.

Sy instruksie aan mm Twine was dat hy sy 50% belang aan die verweerder wou verkoop.

Hy het die ooreenkoms nie deurgegaan nie. Hy het net na die koopsom gekyk.

Dit is aan hom gestel dat die ooreenkoms tussen hom en die BK was. Hy kon nie onthou of hy dit gesien het nie.

Toe hy gevra is of hy aanvaar het dat die ooreenkoms volgens sy instruksies opgestel is, het hy geantwoord dat hy aanvaar het dat mnr Twine na sy belange sou kyk.

Hy het bevestig dat hy nie enige fout uitgewys het nie.

Hulle was sowat 'n uur by die prokureur.

Geen regstellings is gemaak nie.

Dit is aan hom gestel dat volgens die ooreenkoms het die BK die geld geskuld. Hy is gevra of dit so bedoel is. Hy het geantwoord dat hy nie sal weet nie. Toe dit aan hom gestel is dat die ooreenkoms volgens sy instruksies opgestel is, het hy eers geantwoord dat mrir Twine sou weet hoe om dit op te stel en toe saamgestem dat dit wel volgens sy instruksies opgestel kon gewees het. Dit is toe aan hom gestel dat daar mks fout niet die ooreenkoms is nie, en dat die BK die bedrag skuld. Hy het dit bevestig.

Toe hy gevra is of dit vir hom saak gemaak het wie hom betaal, het hy geantwoord dat hy aanvaar het dat R 325 000, 00 hom toekom en dat die verweerder die BK gekry het. Die verweerder was nou 'n 100% aandeelhouer en die BK moes hom betaal.

Mm Twine het getuig dat die eiser hom gebel het en nieegedeel het dat hy sy belang aan die verweerder wou verkoop. Hy het hom gevra om 'n ooreenkoms op te stel. Hy het 'n ooreenkoms opgestel en die volgende dag het die part ye dit in sy kantoor onderteken.

Volgens hom kon die beslaywing van die part ye verwarring skep. Die eiser het aan die verweerder verkoop. Hy het nooit daaroor getwyfel nie. Toe hy gevra is hoekom die ooreenkoms so lui, het hy geantwoord dat hy 'n voorbeeld wat op sy rekenaar was, gebruik het. Die gedagte was nie om die belang aan die BK te verkoop nie. Die beslaywing was 'n fout wat hy begaan het. Toe hy gevra is of hy geweet het dat 'n lid 'n belang aan 'n BK kan verkoop, het hy geantwoord dat hy nie daarvan bewus was nie en dat dit half onmoontlik is.

Toe hy die verweerder in April 2003 gebel het, het hy om uitstel van 'n week gevra.

Die aanmamng, A18, is gerig aan die BK, maar sy doel was om dit aan die verweerder te rig. Hy het bedoel om die verweerder aan te maan en het verwys na die frase "U het ons klient se belang in PD Bande Bk gekoop vir R 325 000, 00."

Hy het verduidelik dat dit deurgaans die bedoeIing was dat die eiser sy hele 50% belang sou oordra, dat hy na die transaksie geen belang nie er sou he nie, en dat die verweerder 'n 100% belang sou he.

Niet verwysing na A9, 'n brief van die verweerder se prokureur gedateer 25 Januarie 2005, waarin beweer word dat die verweerder uiteindelik in 'n aparte transaksie die eiser se 50% belang van die BK bekom het, het hy getuig dat dit nooit in die gesprekke genield is dat die BK sou koop nie.

In kruisverhoor het hy saamgestem dat as een lid van 'n beslote korporasie 'n ander lid se belang oonieem, hy nie emge verpligtinge van die beslote korporasie oonieem nie. Hy het egter volgehou dat dit nie noodwendig die posisie hoef te wees nie omdat die part ye anders kan ooreenkom.

Volgens hom was die bedoelim! dat die verweerder die eiser se 50% beIam! en die BK se verpligtinge sou oonieem.

Hy het verduidelik dat hy die kontrak gedikteer het. Sy danie het die besonderhede toe ingetik in 'n oU' voorbeeld wat op die rekenaar was.

Hy het saamgestem dat klousule 8, waarvolgens die tweede party aIle bates van die BK sou oonieem, sinneloos was.

Hy het nog nooit 'n ooreenkorns opgestel waarin 'n lid sy belang aan 'n beslote korporasie verkoop het nie.

Hy het geen resolusie van die eiser en die verweerder gehad nie,

Hy het toegegee dat sy aanmaning gedateer 15 Niei 2003, A6, aan die BK gerig is. Hy het dit egter aan die BK gerig vir die aandag van die verweerdec

Hy het dit benadruk dat sy instruksie dat die eiser aan die verweerder verkoop in sy leer was,

Mm Diamond, wat naniens die eiser verskyn het, het daarop gewys dat daar verwysings in die ooreenkoms na die BK is wat nie van pas is as die BK die tweede party, en dus die koper is nie. Verder het hy betoog dat die ooreenkoms niet die BK as koper juridies nie moontlik is nie. Hy het betoog dat die verkryging van 'n belang van 'n lid deur 'n beslote korporasie waarna artikel 38 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 ( Wet 69 van 1984 ) verwys, net slaan op verkrygings van die belange van lede soos beoog in artikels 34 ( 1 ) ( a), 35 ( b ) ( i ), 36 ( 2 ) ( a), 37, en 49 ( 2). Verder het hy daarop gewys dat 'n beslote korporasie slegs kan betaal vir die belang van 'n lid as daar aan die vereistes van artikel 39 voldoen is.

Ten aansien van die getuienis het hy betoog dat die eiser se hoofgetuienis baie bevredigend was. Die toegewings wat hy in kruisverhoor gemaak het, het hy gemaak nadat hy oor regstegniese aangeleenthede ondervra is. Wat mm Twine betref, het hy betoog dat sy instruksies baie helder was.

Hy het betoog dat die aanhef nie deel van die ooreenkoms was nie. Dan het hy betoog dat die eiser getuienis kon aanbied oor wie die part ye was. In die verband het hy verwys na Purchase v De Huizemark Alberton **( Pty ) Ltd *t/a* Bob Percival Estates 1994 ( 1 ) SA 281 W .**

Hy het betoog dat rektifikasie, soos versoek in bede 14.1 toegestaan moet word asook vonnis soos versoek in bede 14.2.

Mm Rossouw, wat naniens die verweerder verskyn het, het betoog dat die verweerder in kruisverhoor toegegee het dat die ooreenkoms korrek was. Hy het betoog dat die eiser 2:een saak vir rektifikasie bewys het nie. Die 2:etuienis van mm Twine het hy as irrelevant bestempeL Hy het nie saamgestem niet die betoog dat die verkoping van die eiser se belang aan die BK regtens onmoontlik was nie. Wat betref artikel 39 van Wet 69 van 1984, het hy betoog dat daar geen sanksie vir die nie-nakoming daarvan is nie. Dan het hy betoog dat al word die ooreenkoms gerektifiseer, was die dagvaarding prematuur omdat die aanmarung nie aan die verweerder gerig was nie.

Ek moet saamstem niet mm Rossouw dat 'n verkoop van die eiser se ledebelang aan die BK regtens moontlik was. Ofskoon 'n beslote korporasie gediskwalifiseer word om 'n ledebe1ang te **hou**, is die **verkryging** van 'n ledebelang deur 'n beslote korporasie toelaatbaar. Artike1 38 (c) bepaal dat 'n belang so verkry eenvoudig bygevoeg word by die and er lede se belange na verhouding tot hulle belange. Dit kan neerkom op finansiele bystand deur 'n beslote korporasie aan 'n lid of lede by die verkryging van addisionele ledebe1ange, maar dit is iets wat Wet 69 van 1984 uitdruklik toe1aat, anders as wat die geval by maatskappye is. Sien artikel 40 van Wet

69 van 1984 wat finansiele bystand by die verkryging van ledebelange aan lede deur beslote korporasies uitdruklik toelaat, weliswaar onderworpe aan sekere vereistes.

Artikels 34, 34A, 35 en 36 behandel spesifieke gevalle waar die beslote korporasie n lid se belang kan verkry : 'n insolvente lid se belang ( artikel 34 ), die belang van ‘n lid teen wie eksekusie gehef is ( artikel 34A ), die belang van ‘n oorlede lid artikel 35 ), en die belang van ‘n lid wie se lidmaatskap ingevolge ‘n hotbevel beeindig is (artikel 36). Dan behandel artikel 37, onder die opskrif Ander beskikkings oor ledebelange alle and er beskikings oor ledebelange. Die artikel stel dit duidelik dat sulke beskikkings ook aan die korporasie self gedoen kan word rnits hy een of nieer ander lede het. Die vereiste hang ongetwyfeld daarniee saam dat daar ‘n lid of lede moet wees by wie se belang so'n verkree belang kan aanwas.

Dit alles wys dus dat daar in beginsel niks is wat die verkryging van die eiser se belang deur die BK belet het nie.

Die vraag kan gevra word of so'n verkryging nie nietig sou wees as daar nie aan die vereistes van artikels 39 en 40 voldoen is nie. Beide artikels bevat soortgelyke vereistes dat alle arider lede se skriftelike toestemrning verkry moet word en, in wese, dat die betaling vir die lede belang nie die uitwerking moet he dat die beslote korporasie se laste sy bates oorskry nie.

**Henochsberg on The Close Corporations Act s.v artikels 39 en 40** wys daarop dat daar geen sanksies vir die nie-nakorning van hierdie artikels is nie. Daar word betoog, oortuigend na my niening, dat die nie-nakorning van hierdie artikels nie die nietigheid

van 'n verkryging tot gevolg het nie. Ten aansien van artikel 40 is die betoog so 'n verkryging hoogstens vernietigbaar kan wees op aandrang van die beslote korporasie teenoor 'n lid of derde wat van die nie-nakoming bewus was. Na my niening is dit die korrekte stand punt.

Die posisie is dus dat die onverbeterde ooreenko~s, niet die BK as die koper, heeltemaal geldig en uitvoerbaar was. Dit sou die resultaat gehad het dat die verweerder 'n 100% belang in die BK verkry het, maar dat die BK daarvoor sou betaal het. Dit is heeltemaal in ooreenstemming niet die posisie wat die eiser aan die einde van sy kruisverhoor aanvaar het.

Ek kan nie saamstem niet die betoog dat die eiser bloot getuienis gelei het, toelaatbare getuienis, van wie die part ye tot die ooreenkoms was nie. Dit is duidelik dat die ooreenkoms, so onbeholpe as wat hy opgestel is, die BK as die koper aandui. Om die verweerder aanspreeklik te hou, moet die eiser die ooreenkoms rektifiseer. Vandaar sy bedes daarvoor.

Die eiser moet bewys dat daar 'n genieenskaplike dwaling aan die kant van albei part ye was. Dit; is nie genoeg dat hy bewys dat hy of sy prokureur onder 'n misverstand gebuk gegaan het nie. Daar is geen aanduiding dat die kwessie van wie die koper was pertinent oorweeg is nie. Die wyse waarop die kontrak opgestel is, sou gely het tot 'n resultaat wat vir albei part ye aanvaarbaar moes gewees het, naamlik dat die eiser R 325 000, 00 vir sy belang ontvang en dat die verweerder 'n 100% belang in die BK verkry. Die eiset kon nie verduidelik waarom dit vir hom belangrik was om betaling van die verweerder, in stede van die BK, te ontvang nie. Trouens

hy het dit aan die einde van sy getuienis beaam dat dit juis is wat hy beoog het, naamlik dat die verweerder 'n 100% belang bekom en dat die BK hom betaal. Dit synde die posisie is daar na my niening geen grondslag waarop die hof die bede vir die rektifikasie van die ooreenkoms om die verweerder in die plek van die BK as die tweede party te stel, kan toestaan nie. Dit beteken dat die eis van die hand gewys moet word.

Onder die omstandighede word die volgende bevel gemaak :

Die eiser se eis word met koste van die hand gewys.

**C BOTHA**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**